Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

20 Oktober 2017
Nr 37/2017

Warm nuus!

Het jy al ingeskryf?
Doen dit sommer nou...

❖ Konferensie oor Missionale gemeentes

- *Hoe help ons gemeentes op die pad na missonale kerkwees?*
- *Hoe bemagtig ons lidmate om deel van die missionale reis te wees?*
- *Hoe verstig ons nuwe geloofsgemeenskappe?*

Kom neem deel aan die gesprek op ***9 November 2017*** **vanaf** 09:00-13:00 by **Stellastraat-gemeente!**
Sprekers: *Dr Gert Cordier*: Vyf-voudige bediening an gemeentes; Missionale vraelys vir gemeentes
Ds Jana de Lange: Voorbeelde van Nuwe Geloofsgemeenskappe en Fresh Expressions
VBO punte sal toegeken word.
Koste: R50.00 pp

►►► **Inskrywingsvorm**: Voltooi asseblief die **aangehegte** inskrywingsvorm **en stuur dit en dié bewys van betaling** vóór *27 Oktober 2017* terug na **Sandra Grobler** by sandra@noordsin.co.za.
Navrae: Dr Chris Harris, 082 335 1155

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op ***24 Oktober 2017*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: Deuteronomium 34:1-12.
** **Navrae:** Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Predikante Wegbreek! Nuwe venue!

Neem kennis dat die terrein verander het na: Tsékáma in die Springbokvlakte.
Datum: ***28-30 November 2017***
Leraars ontvang ook **VBO-erkenning**
Slegs 15 plekke beskikbaar! Skryf nou in!!
Kliek hier vir die volledige inligting!

❖ **Reformasie 500 - Feesdiens**

Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvieringe deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op Sondag, ***29 Oktober 2017*** in die kerkgebou van die **NG Kerk Universiteitsoord** plaas. Twee eenderse fees-eredienste vind in die middag om **15:30** en in die aand om **18:30** plaas.

- As predikers tree prof Gert Breed en dr Stephan Joubert op, terwyl ds Hannes van der Merwe as liturg optree.
- Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonieorkes onder leiding van *Braam van Tonder* en 'n massakoor onder leiding van *Renette Bouwer*.

'n Aantal kaartjies is nog beskikbaar teen **R30** per kaartjie.
Persone of gemeentes wat belangstel moet asseblief vir *Sandra Grobler* kontak tussen 08:00-13:00, by sandra@noordsin.co.za of 012-440 6525.
* Meld asseblief jou *naam en van*, *hoeveel kaartjies* en *volle kontakbesonderhede.* Sluit asseblief jou epos adres in, aangesien die kaartjies *elektronies* deurgestuur word.

Kollega nuus

❖ **Baie geluk!**

Frikkie du Plooy [Florauna] is op 14 Oktober 2017 met Chrisna getroud.

❖ **Emeritaat/afskeid**

Thinus Grobler [Noordoos-Pretoria] sluit sy bediening einde Oktober af en sy afskeidspreek is Sondag, ***29 Oktober 2017*** om 09:00.

❖ **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

25/10 Thom Schutte [Krokodilrivier, 082 562 4873, tschutte@ngkrokodilrivier.co.za]
Sonika Krüger [Florauna, 082 692 2035, sonneblomk@gmail.com]
Rykie Marx [Waterkloof, 084 205 8708, rykieihowell@gmail.com]
28/10 Frikkie du Plooy [Florauna, 083 564 7633, frikkieduplooy@absamail.co.za]
Neels Els [Emeritus, 082 765 7732, neels.els@grobler.co.za]
Louis Brittz [Emeritus, ljbrittz@absamail.co.za]`
29/10 Thinus Grobler [Noordoos-Pretoria, 082 564 2722, marthinusjpgrobler@gmail.com]
Johan Wildenboer [Florandia, 082 418 4220, johan.wildenboer@gmail.com]
31/10 Neels van Niekerk [Emeritus, 082 573 9421, neelsvanniekerk@absamail.co.za]

23/10 Pieter Schoeman [Monumentpark, 012-658 5421, lizl-louise@ngkmp.co.za]
28/10 Esna Strydom [Florandia, 012-542 3739, gerrie.s@mweb.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**

Warmbad-Wes [Gestig 22/10/1959]
Dwaalboom [Gestig 23/10/1948]
Wonderboom-Suid [Gestig 23/10/1974]

❖ **Noordoos-Pretoria: Projek - Engele vir Zim se vergete oues...**

Baie ou mense wat vandag sonder kind of kraai in Zimbabwe woon kou harde bene. Daar is bitter min hoop, behalwe vir 'n eenvoudige kartondoos met basiese benodigdhede wat sewe keer per jaar by hul voordeur afgelewer word.
Wil u ook graag 'n bydrae maak?

➢ U kan 'n pakkie saamstel of van die items skenk en nie later as Sondag ***5 November 2017*** by die *kerkkantoor Noordoos-Pretoria Anna Wilsonstraat, Kilnerpark* inhandig.

- *Let wel – u kan ook enige van die items skenk as u nie 'n volledige pakkie wil opmaak nie.*

Lys van die benodigdhede : *Hou asb streng by dié lys. Probleme word by doeane ondervind met items wat nie op die lys is nie!*

- Boeliebeef; Baked beans; Pilchards; Konfyt; Grondboontjiebotter; Geblikte vrugte; Pak 2kg rys; Pak 1kg Oats; Pak 500g pasta (macaroni/spaghetti); Pakkies sop; Bovril / Marmite; Teesakkies (Rooibos / English Tea); Sjokolade (SONDER NEUTE); Kerse; Vuurhoutjies; Toiletpapier; Tandepasta; Sjampoe en stortjel.

Kontantdonasies is ook baie welkom!

Navrae: Kontak vir *Linda Schultz*, by sel: *079 608 2676 / tel: 013-790 0934 / per epos:* linda@zpsf.co.za

Vir meer inligting, besoek die webwerf: http://www.zpsf.co.za/index.php/en/

❖ **Quaggapoort: JaarBaljaar**

Quaggapoort se JaarBaljaar vind plaas op ***4 en 5 November 2017*** op hul kerkgronde te Sishenstraat, Wespark. Daar is stalletjies die oggend van 4 November [09:00-15:00], en die aand [19:00] kuier *Manuel Escorcio* en *Belia Lourens* daar met hul 'Sy & Satyn'-vertoning (R70pp, o/12 gratis).
Tydens die oggenddiens van 5 November [09:00] kom maak Gottfried Schiele 'n draai met sy handklokke.
Voorwaar 'n naweek om na uit te sien.
Vir navrae, en ook om 'n gratis stalletjie-staanplek te bespreek, kontak *Anthony Tosen* [083 475 1919] of *Ria Liebenberg* [073 637 5997].

❖ **Pretoria**: **Reformasie 500 herdenkdiens**
In samewerking met die Uniting Reformed Church (URCSA) Melodi ya Tshwane
Datum: Sondag, ***5 November 2017*** (10:30)
Waar: Bosmanstraat kerkgebou. [Lees hier meer...]

❖ **Magalieskruin**: Ontbyt saam met **Richard Blackaby**
Tema: *Going to the next level in uncertain times.*
Tyd: Vrydag, ***17 November 2017*** [07:30 vir 08:00]
Plek: Magalieskruin gemeente
Koste: R100
Navrae: Alkmaar Swart (0732660196)

Ander nuus

❖ **Uitnodiging: Refo 500 – UP Fakulteit Teologie**
Ekumeniese Diens
Die Dekaan, Prof Johan Buitendag, nooi u vriendelik uit na die REFO 500 Ekumeniese Diens as deel van die Fakulteit se eeufeesvieringe. Alle kerklike vennote vier dit saam: **'Laat Ons Een Wees'**.
Datum: Dinsdag, ***31 Oktober 2017***, om 17:00
Plek: Musaion, Hatfieldkampus
Drag: Formeel, tradisioneel of nasionale kleure
RSVP: *25 Oktober 2017*, Nina Grundlingh, 012 420 3155, nina.grundlingh@up.ac.za. Antwoord asseblief per epos en verskaf u ID- en selfoonnommers om sekuriteitsredes.

- **Vir toegang tot die Universiteit** moet die ID-dokument en selfoon byderhand wees.
- GPS S25 45' 21" E 28 13' 51"
- **Parkering:** Ingenieurswese 3 Parkade, ingang Universiteitsweg.

❖ **Opleiding van Begeleiers van 'n Bedienings Diagnose in Gemeentes: Eendag werkswinkel**
Aangebied deur: Excelsus, Pretoria
VBO – 10 punte
Datum: ***10 November 2017*** (09:00 – 17:00)
Plek: Gemeente Sentrum, NG Gemeente Stellastraat.
Koste: R260:00 pp.
Dit sluit in:

- *1 Werkboek: Bediening in en van Missionale Gemeentes.*
- *Gemeente Diagnose. R70:00 (word by die werkswinkel beskikbaar gestel).*
- *2 Verversings en ete.*

Aanbieder: Malan Nel - **Lees hier verder...**

►►► **Inskrywingsvorm**: Voltooi asseblief die **aangehegte** inskrywingsvorm en stuur dit so gou as moontlik terug na excelsus@up.ac.za om jou plek te verseker.

❖ AANDAG: Emeriti: Jaarlikse byeenkoms

Hiermee word emeriti-leraars, hul eggenotes en weduwees van predikante van die Ned Geref Kerk hartlik uitgenooi na die jaarlikse byeenkoms.

Datum: Dinsdag ***7 November 2017***
Plek : Skuilkrans NG Gemeente (H/v Cussonia- en Jan Albertweg, Lydania) -
Parkering: Parkeer asb. binne die omheinings (ook oorkant die straat.)
Tyd : 09:00 - 12:00
Koste: Geen

RSVP: Antwoord asb voor *31 Oktober 2017* (SMS ; e-pos of telefonies) ter wille van verversing.

Op **een** van die volgende **maniere**:
1. **Telefonies** : *Jan en Minda van den Berg* (012 333 4889; 083 415 4938) of *Louis en Nita Dressel* (082 577 2115);
2. **SMS net :** "Naam; JA 1 of 2" na 082 577 2115;
3. **E-pos**: "Naam; JA 1 of 2" na Ldress1@hotmail.com
4. **Faks**: "Naam; 1 of 2; JA" na **086 610 8505**

Sien julle graag daar !!!

Program :

09:00 – 10:00	Saamkuier oor 'n koppie tee/koffie en verversings
10:00 – 12:00	Samesang
	Verwelkoming – Ds Jan van den Berg
	Opening
	Mededelings o.a. In memoriam – Dr Louis Dressel
	Musiekprogram – Prof Bertha Spies (Klavier) en Maria (Viool)
	Enkele ander sake

Reëlingskomitee:
Ds Jan en Minda van den Berg (012 333 4889; 083 415 4938;
Dr Louis en Nita Dressel (082 577 2115; Ldress1@hotmail.com);
Ds Eugen Kruger (072 173 70805);
Ds Niek en Hester Ackerman (083 527 9258);
Ds Christoph Muller (082 308 5795).

❖ Vergenoeg vir seniors: Vertoning ten bate van inwoners van die versorgingseenhede

Die stygende lewenskoste het die posisie van al die inwoners van Vergenoeg, maar in besonder dié van die inwoners van die versorgingseenhede, deurentyd verswak. Talle van die verswaktes en siekes in die versorgingseenhede is nie meer in staat om elke maand hulle volle finansiële verpligtinge na te kom nie.

'n Dringende versoek vir borge of verkope van kaartjies vir die baie bekende HOUTKRUIS die Musical.
Die vertoning vind plaas op Sondag, ***5 November 2017*** om 15:00 in die Choose Life Kerk, Rubensteinweg, Moreletta Park.
Koste beloop R200 per persoon.
Alle fondse wat ge-in word, sal uitsluitlik gaan om veral die lot van die versorgingseenhede se inwoners te verlig.
Kontakpersoon vir kaartjies: Leana de Jager, tel 082 888 0277

❖ Abraham Kriel Kinderhuis (Modimole) – '*Touch of Country*' Fees

Gaskunstenaars wat gaan optree is: Manie Jackson, Tommy Dell, Lance James, Barbara Ray, Will Jordan, Rodeo Girls, Christo Louw, Charlene Olivier en Henco du Toit.
Daar is ook 'n baba-kompetisie, kosstalletjies en nog vele meer!
Datum: Saterdag, ***4 November 2017*** vanaf 10:00
Toegang: Volwassenes – R30; Skoliere – R20
Navrae: Cecile le Roux, 076 118 2111

❖ Excelsus: Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods. Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.

Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

- ***6-8 Maart 2018*** : Oor ons konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
- ***5-7 Junie 2018*** : Oor gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
- ***16-18 Oktober 2018*** : Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00). [**Lees hier verder...sien ook die inskrywingsvorm**]

❖ Limpopo: MSM Course 2018

Mission shaped ministry – equipping you for a lifetime of good practice and learning in planting and sustaining fresh expressions of church.
Venue: Polokwane: Christ Church Cathedral, 82 Biccard Street.
For a registration form please send an mail to: fe.limpopo@gmail.com OR contact Robbie on 083 400 6152.
Dates:

14 March 2018	Foundation course
18 April 2018	Foundation course
23 May 2018	Advanced course
13 June 2018	Advanced course
19 July 2018	Advanced course
08 August 2018	Advanced course

Final registration date for Foundation course: *28 February 2018*
Final registration date for Advanced course: *30 April 2018*

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]

  Lees in die jongste Kerkbode ... Kerkbode van 20 Oktober vertel die verhaal van eenheid en samewerking tussen gelowiges op Potchestroom – iets wat hulle nie gedink het moontlik is nie, maar wat God nietemin laat gebeur het.
  Daar is twee verskillende artikels met rigtingwysers vir die oorlewing van sukkelende gemeentes, een uit 'n akademiese agtergrond en een na aanleiding van die praktyk van 'n paar Oos-Kaapse gemeentes.
  Daar word ook vertel van 'n kunsprojek in Franschhoek wat mense gehelp het om nuut na God en na ander mense te kyk.
  Lees ook prof Cas Vos se gedig oor die Reformasie, oor 'n uitreik na vlugtelinge in Athene, oor 'n 93-jarige lidmaat wat wys 'n mens is nie te oud om steeds op God se roeping te antwoord nie, oor kerkmusiek wat in braille beskikbaar gestel word en heelwat meer.
  Jongste Bybelkor- en Jeugfokuspublikasies ... Besoek die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik op ***winkel*** en sien die hele reeks nuwe jeugfokuspublikasies, ander Bybelkorpublikasies en gemeente hulpmiddels vir die komende seisoen.

- **CLF-nuus:**

  November REFO 500 pamflet
  Vrygemaak...om te sorg vir God se skepping *(Nadia Marais) - Christene is besorg oor die aarde, omdat God besorg is oor die aarde.*
  **Deel van Reformasievieringe behels die dissipline van onthou. Eerstens onthou dat die hervorming 'n reuse aandeel het op ontwikkeling van vryheid en vryheidsbegrippe. Maar ook die onthou dat ons vrygemaak is om te sorg vir God se skepping en ons weerhou van alles wat afbreek doen aan die ekologie en ander wesens se welwese.*
  **In ons kommer oor die groeiende gevolge van 'n ekologiese krisis is ons troos dat ons en die aarde nie aan onsself behoort nie, maar aan 'n God Wie se genade diep en ryk genoeg is om alles wat Hy geskep het, te red.*
  **Hierdie is die 11de pamflet in die reeks van pamflette wat CLF ter viering van die Reformasie 500 uitgee en is beskikbaar in Afrikaans en Engels.

**Hierdie pamfletonderwerpe word ook maandeliks op CLF se gratis slimfoon toep gelaai, indien u verkies om dit elektronies aan u gemeentelede beskikbaar te stel of dit kan afgelaai word vanaf CLF se webtuiste by www.clf.co.za
Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 6964.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Droogte in groot dele van die land.**
- **Dankie vir ons Protestanse erfenis.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Doornpoort**: **Vakature** – **Koster vanaf *1 November 2017***

Posbeskrywing: Die Koster is verantwoordelik vir die toesighouding oor die skoonmaak van die kerkgebou, die kerk se fasiliteite, tuin en terrein. Die Koster koördineer die gebruik van geboue, toerusting en gereedskap ens. wat gebruik word deur instansies en lidmate wat verhuring insluit. [**Lees die volledige inligting hier**...]
'n **CV met dekbrief** moet asseblief voor of op *30 Oktober* by die Skriba gestuur word: Skriba-ngd@lantic.net
Navrae kan gerig word aan: Die Skriba 012 5471456 (Di-Vry 08:00-12:00)

❖ **Bybel-Media: Vakature: Hoof Fondswerwing**

Bybel-Media benodig 'n ervare, gemotiveerde en bekwame persoon om die pos van Hoof van die Departement Fondswerwing vanaf ***1 April 2018*** te vul. Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk of fondswerwers met bewese ervaring wat ook lidmate van die NG Kerk is, word genooi om aansoek te doen. Rig 'n volledige CV met verwysings voor *25 Oktober 2017* aan **Leon Venter** by: leon@bmedia.co.za Sel: 0837941821. [Lees die inligting hier...]

❖ **2016 Proponente**

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 073 587 4923; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** – **Kliek hier**

Ten slotte



BYLAES

Predikante Wegbreek 2017

DATUM: **28-30 November 2017**
PLEK: **Tsékáma Wedding Venue**
KOSTE: **VIR DIE SINODE SE REKENING!**

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons predikante wegbreek vir 2017!

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke en rus wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Die wegbreek is vir die rekening van die sinode. Dit gaan jou gemeente slegs jou reiskoste na een van die sentrale vertrekpunte kos (indien so iets nodig sou wees om te reël). Ons wil kollegas aanmoedig om waar moontlik reëlings te tref om saam te ry.

Vervoerreëlings en presies vanwaar daar uit verskillende rigtings vertrek word, sal met diegene wat inskryf gereël word. Daar word gewoonlik gepoog om kollegas uit dieselfde omgewing te laat saamry. Die sinode kan ongelukkig nie vir die wat met eie vervoer wil gaan wanneer daar saamry geleentheid bestaan, se reiskoste instaan nie.

Ons **program begin Dinsdag 28 November 2017 stiptelik om 11:00** by **Tsékáma Wedding Venue** (in die Springbokvlakte) waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (30 November 2017) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is.

Bywoning van die volle tydsduur is belangrik en daarom kan ons ongelukkig nie toestemming verleen dat kollegas laat kom of vroeg vertrek nie.

Omrede die bywoning van die wegbreek-geleentheid vir elke leraar van ons sinode so belangrik is en die program deeglik beplan is om kollegas werklik te ondersteun en te laat ontspan, **ontvang elkeen wat dit bywoon ook VBO-erkenning.**

SKRYF VANDAG NOG IN!

Inskrywings geskied per e-pos en wel by http://www.predikantewegbreek.yolasite.com **of per e-pos by Hermien Swart** Hermien@noordsin.co.za of **Fanie Cronjé** sicronje@mweb.co.za. Paul Grobler kan ook in verband met enige navrae gekontak word by.

Terug

Opleiding van Begeleiers van 'n Bedienings Diagnose in Gemeentes: Eendag werkswinkel

Aangebied deur: *Excelsus, Pretoria* [10 VBO punte]

Malan Nel skryf: "Sedert 1991 was dit my voorreg om by ongeveer 150 gemeentes in verskillende denominasies, maar hoofsaaklik in die NG Kerk, prosesse in die ontwikkeling of opbou van missionale gemeentes te fasiliteer. Deel van hierdie fasilitering was groep dinamiese diagnoses van bedieninge en funksionering in hierdie gemeentes.

Ek is op 'n stadium in my lewe en bediening dat ek graag plaaslike pastors wil oplei om sodanige diagnoses te begelei.

My oortuiging is dat gemeentes wat trots is op hulle geskenkte identiteit in Christus byna logies begin vra: hoe gaan dit met ons? Die bedienings analise en diagnose waarmee ek werk, help gemeentes om te soek na die sterkpunte in hulle bedieninge. Die nuwe werkboek (Nel en Callahan 2016) is gebou op 'n teologies gemotiveerde nadenke oor wie ons is en wat ons doen. Daar is by my 'n besliste keuse teen 'n bestuur-wetenskaplike, leier gedomineerde, verskraling van die gemeente tot 'n organisasie wat met beplanning 'reg gemaak' kan word. Dit gesê: hoe beter ons ons God gegewe identiteit besef, hoe meer noukeurig onderskei ons waar ons is, hoe dit gaan en soek ons saam waarheen ons op pad is.

Die verskil is dat dit nie 'n leier-gedomineerde evaluering van gemeentes is nie, ***maar 'n diagnose deur die gemeente self***, 'n gemeente wat weet dat die bediening hulle s'n is. Die verwagting is dat minstens 20% van die gemiddelde erediensbywoning aan die diagnose deelneem.

Jy word hiermee uitgenooi na die eerste opleidings werkswinkel om as fasiliteerder self sodanige diagnoses te begelei."

INSKRYWINGSVORM : VBO-KURSUS 10/11/2017

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Van**	
	Naam	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Selnommer	

Registrasie	Fooi	**R260-00 p/p**
	Kursus /Werkswinkel	**Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes – Malan Nel**
	Kursusdatum	**10 November 2017 (09:00 – 17:00)**
	Plek van aanbieding	**Gemeente Sentrum, NG Gemeente Sellastraat** **Konsistorie**
	Sluitingsdatum	**6 November 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

KONFERENSIE : MISSIONALE GEMEENTES

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan
Sandra Grobler, e-pos: sandra@noordsin.co.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Van**	
	Naam	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Selnommer	

Registrasie	Fooi	**R50,00 p/p**
	Kursus /Werkswinkel	**Konferensie oor Missionale Gemeentes**
	Kursusdatum	**9 November 2017 (09:00 – 13:00)**
	Plek van aanbieding	**Gemeente Sentrum, NG Gemeente Sellastraat**
	Sluitingsdatum	**27 Oktober 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan sandra@noordsin.co.za**
	Verwysing	MISGEM gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Bewys van betaling dien as bevestiging.

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: Nedbank
Naam van rekening: NG Kerk Noordelike Sinode
Rekeningnommer: 1497016339
Takkode: 149745
Verwysing: MISGEM gevolg deur u voorletters en van

Terug

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met Communitas, Excelsus en Shepherd

VBO nuut en geïntegreerd

Nege modules versprei oor 3 jaar:

Jaar 1

Module 1	Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
Module 2	Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
Module 3	Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

Jaar 2

Module 4 Oor Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?

Module 5 Oor Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk

Module 6 Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens

Jaar 3

Module 7 Oor Missionêre Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping

Module 8 Oor die Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel

Module 9 Oor Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk

Verwerf **180** VBO-punte (60 punte per jaar)

Die eerste drie modules word op die volgende datums in Pretoria aangebied:

- Module 1 6-8 Maart 2018
- Module 2 5-7 Junie 2018
- Module 3 16-18 Oktober 2018

Koste: R875,00 per module (R7 875,00 vir die volle 3 jaar)

Vir meer besonderhede kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738

Inskrywingsvorm: Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (GSB)

Module 1	**Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.**	**6-8 Maart 2018**
Module 2	**Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?**	**5-7 Junie 2018**
Module 3	**Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie.**	**16-18 Oktober 2018**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Naam en van			
Selfoonnommer			
E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Sluitingsdatum: 23 Februarie 2018
Kursusfooi: R875.00 per persoon per module of R2 625,00 per jaar of R 7 875-00 vooruit vir die hele kursus.

Bankbesonderhede

Begunstigde (Maak tjeks uit aan):	**TSO**
Bank:	**ABSA**
Tak:	**PRETORIA**
Takkode:	**632005**
Rekeningnommer:	**142 0830 463**
Verwysing by direkte inbetalings (Bank of Internet):	**Gebruik asseblief die kursusnommer en u naam as verwysing, Bv: GSB4 Naamenvan**
E-pos aan:	**excelsus@up.ac.za**

U inskrywing word geldig wanneer die inskrywingsvorm TESAME met die betalingsbewys ontvang word

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

Verwysingsnommer:

.....

Betaling ontvang:

Terug

NG Gemeente Doornpoort:
Vakature: KOSTER

Aansoeke vir die pos as koster word tans ingewag by die kerkkantoor.

Posbeskrywing: Die Koster is verantwoordelik vir die toesighouding oor die skoonmaak van die kerkgebou, die kerk se fasiliteite, tuin en terrein. Die Koster koördineer die gebruik van geboue, toerusting en gereedskap ens. wat gebruik word deur instansies en lidmate wat verhuring insluit.

Die ideale kandidaat moet oor die volgende bevoegdhede beskik:
- Basiese tegniese vaardighede in herstelwerk en instandhouding
- Vermoe om te kan organiseer
- Ervaring in toesig van personeel
- Vermoe om goeie menseverhouding te kan handhaaf
- Vermoe om inisiatief aan die dag te lê
- Dit sal in die aansoeker se guns tel indien hy / sy 'n lidmaat van die NG Kerk familie is en by diensaanvaarding by NG Doornpoort inskakel.
- Betroubaar en stiptelik
- Geldige rybewys en voertuig.

Taaklys sluit onder andere in:
- Voorbereiding met die oog op: Gemeente aktiwiteite (nagmaal, huwelike, begrafnisse, eredienste)
- Herstelwerk en instandhouding
- Toegangsbeheer
- Administratiewe werk
- Alarm opvolg
- Uitverhuring van die gebou in oorleg met die Administrasie & Eiendomskommissie

Algemeen
- U word versoek om 'n CV met dekbrief voor of op *30 Oktober* by die Skriba te besorg of elektronies te stuur aan: Skriba-ngd@lantic.net
- Suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om op ***1 November*** diens te aanvaar.
- **Navrae** kan gerig word aan: Die Skriba 012 5471456 (Di-Vry 08:00-12:00)
  Indien u geen kommunikasie binne 2 week vanaf die advertensie sluitingsdatum ontvang het nie, moet u asb aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Terug

The Uniting Process
The Dutch Reformed Church Pretoria and the Uniting Reformed Church Melodi ya Tshwane

Dear colleague,

The URCSA Melodi ya Tshwane and the DRC Pretoria are in the process of taking its first concrete steps towards forming a single united congregation. This is a momentous moment in our ongoing journey together, and we would love to share this with you.

We will commemorate the 500th anniversary of the Reformation during a joint service on 5 November 2017. During this service our church councils will also formally sign a statement of intent which will outline the concrete steps we will be taking in the process of forming a joint church council and united congregation in the coming months and years.
We believe that this is a moment which should be witnessed by others in our broader church community, because we recognize that this is not a journey that we are embarking on alone, nor that we can embark on alone. We therefore want to invite you to be in communion with us on this day, and to be a witness to our ongoing process of unification.

Your continued support throughout this process is of great value to us, and your presence would be valued at this special service.

Date: Sunday 5 November 2017
Time: 10:30
Place: URCSA Melodi ya Tshwane
C/O Bosman Street and Madiba Street.

Extra parking will be available at Poynton's Parking Garage, C/O Bosman and Church Street.

We look forward to seeing you at the festivities.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Bybel-Media: Vakature
Hoof Fondswerwing

Bybel-Media benodig ‘n ervare, gemotiveerde en bekwame persoon om die pos van Hoof van die Departement Fondswerwing vanaf ***1 April 2018*** te vul. Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk of fondswerwers met bewese ervaring wat ook lidmate van die NG Kerk is, word genooi om aansoek te doen.

Bybel-Media is ‘n donateur-gebaseerde Christelike Mediahuis van die NG kerk in Wellington met die visie om gelowiges te beweeg en te bemagtig om die liefde van God uit te leef. Met die oog daarop ontwikkel Bybel-Media Christelike inhoud in verskeie mediaformate vir die NG kerk maar ook die breë kerk, onder andere jeugfokusmateriaal, opleidingsmateriaal vir kerkleiers, Bybelstudieboeke, teologiese boeke ensovoorts. Die maatskappy druk en versprei ook die missionale glanstydskrif *LiG* en die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, *Kerkbode*. Bybel-Media het ‘n missionale mediabediening wat insluit ‘n gevangenisbediening, asook ‘n Goeie Nuus Bediening wat fokus op kinders en nie-lesers. Deur die Nehemia Bybelinstituut is Bybel-Media betrokke by opleiding van kerkleiers in die hele Suider-Afrika asook Indië. Bybel-Media is ook verantwoordelik vir die bestuur en ontwikkeling van die musiekskat van die kerk o.a. Liedboek, Flam en Vonkk. Die posbekleër sal rapporteer aan die Hoof Uitvoerende Beampte van Bybel-Media en verantwoordelik wees vir:

- Die ontwikkeling van die donateursbasis om die volhoubaarheid van die media-bediening van Bybel-Media te verseker.
- Die werwing van nuwe donateurs (debietorders en bemakings) en die bou van goeie verhoudings met bestaande vriende en donateurs van Bybel-Media.
- Die bemarking van die media-bedienings van Bybel-Media deur gemeente besoeke en aan potensiële donateurs.
- Organisering van bemarkingsprojekte wat die media-bedienings van Bybel-Media bekendstel en bevorder.
- Skakeling met verskillende kerke en kerkleiers om Bybel-Media se media produkte bekend te stel.
- Bestuur van fondswerwingdepartement en ontwikkel ‘n span van deeltydse Bybel-Media fondswerwers
-

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Begrip vir die missionale kerk en die media-behoeftes van die kerk.
- Die vermoë hê om skakelwerk te doen binne die kerklike omgewing.
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede, ingestel op verhoudings, *‘n goeie kommunikeerder* en passievol oor die evangelie.
- Vermoë om onder druk en onafhanklik te werk om spertye te haal.
- Bewese taal en skryfvaardighede in Afrikaans en Engels.
- Bewese ervaring van fondswerwing en kennis van digitale en tradisionele bemarkingskanale, soos die gebruik van eposbemarking en die sosiale media sal ‘n voordeel wees.
- Ondervinding van skakel en bemarkingswerk, die organisering van projekte, en betrokkenheid in die kerklike omgewing.
- Personeel bestuursondervinding is ‘n belangrike vereiste vir die pos.

Persoon sal vanuit Wellington werk. Salaris onderhandelbaar.

Onderhoude sal in November gevoer word.

Rig ‘n volledige CV met verwysings voor *25 Oktober 2017* aan Leon Venter by: leon@bmedia.co.za Sel: 0837941821

Indien u nie binne twee weke na die sluitingsdatum gekontak word nie,
kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.

Terug